## Preekvoorligting Sondag 28 Julie 2019

**Skriflesing: Joh. 8: 1 – 11** **Teksvers: Joh. 8: 7, 11**

**Tema: Nie "gooi nié klippe nie", maar "sondig nie meer nie".**

Die woorde van Joh. 8 vers 7 is sekerlik van die mees bekendste woorde in die Bybel. Hierdie woorde maak selfs hul opwagting in die alledaagse lewe nl. "die een sonder sonde, laat hy die eerste klip gooi". Dit natuurlik na aanleiding van Jesus se woorde m.b.t. die owerspelige vrou.

### 1. Die kerkleiers en die owerspelige vrou

Jesus is by die tempel om die mense oor die waarhede van sy Vader te leer. Dit het die skrifgeleerdes en Fariseërs, die kerklike leiers van destyds, nie aangestaan nie. Veral in die lig daarvan dat hulle op daardie stadium reeds besig was met planne teen Hom om hom by die Joodse Raad, die Sanhedrin, aan te kla. Maar toe gebeur daar iets wat op daardie stadium goed in hulle hande speel – of so het hierdie kerkleiers gevoel. ŉ Vrou word deur hulle betrap wat egbreuk pleeg en hulle besluit hierdie is ŉ ideale saak om Jesus mee konfronteer. Met hierdie saak sou hulle Jesus kon vastrek wat Hy ook al hierop sou sê, hetsy by die owerheid of by die Joodse Raad.

### 2. Jesus en die owerspelige vrou

Jesus se woorde op die konfrontasie met die sonde van die vrou was "Laat die een van julle wat sonder sonde is, die eerste klip op haar gooi". Met hierdie woorde het Hy tot murg en been deurgedring. Hy het die hart van elke hoorder oopgekloof en hulle openbaar as oortreders van die wet. Almal is sondaars, betrap of nie betrap nie. Hierdie spesifieke vrou was wel betrap, maar dit neem nie weg dat die res maar net so skuldig was nie. Dit is die boodskap wat gewoonlik uit hierdie gedeelte geneem word – almal is sondaars, nie een is sonder sonde nie en daarom kan "nie een ŉ klip gooi nie".

### 3. Jesus en sy woorde aan die owerspelige vrou

Was dit werklik so dat daar by die tempel geen een was wat aan Jesus se woorde uitvoering kon gee nie? Kyk ŉ mens mooi na hierdie gebeure was daar wel een teenwoordig wat eerste ŉ klip op haar kon gooi. Hierdie een natuurlik Jesus want Hy was sonder sonde. Jesus het egter nie ŉ klip opgetel om dit op die vrou te gooi nie, maar sê vir haar: "Ek veroordeel jou ook nie". Hier breek die evangelie, die blye boodskap in sy volheid deur, die blye boodskap van versoening en verlossing.

### 4. Jesus en die openbaring van sy woorde

Uit hierdie gedeelte nie maar ŉ tipe moralistiese lessie van "almal is sondaars en nie een kan ŉ ander veroordeel nie, ŉ klip gooi nie" en daarmee is alles gesê. Die belangrikste openbaring hier is: Christus gooi nie ŉ klip nie, Hy veroordeel nie. Dit is wat gelowiges moet hoor om getroos te kan lewe en sterwe. Die boodskap uit hierdie gedeelte: Geen klip op jou nie, geen oordeel vir jou nie. Die rede: Nie omdat die sonde afgemaak word sou dit onbelangrik wees nie, maar omdat die klippe wat vir jou vanweë jou sonde bedoel is, op ŉ ander val (Jesus Christus). Maar hier eindig Jesus nie. Hy sê vir die vrou "Gaan heen en sondig nie meer nie". Sy kan dus nie in haar sondige lewenswyse voortgaan nie.

Die volle boodskap van hierdie gedeelte: Christus Jesus veroordeel nie, maar eis ŉ nuwe lewenswyse, ŉ dankbaarheidslewe van "nie meer sondig nie". Lei die nuwe lewe waartoe die HG jou wederbaar het en betoon daardeur jou dankbaarheid dat jou klippe nie op jou val nie.

**Nie "gooi nie klippe nie", maar "sondig nie meer nie".**